

Donderdag 1 Februarie

Skrifgedeelte: Hosea 1:1-12

Fokusgedeelte: Hosea 1:2, 4, 6b, 9;
11:8

God gee ons nooit prys nie. Hy vermaan, maar verwerp nie

Sal jy jou kinders name gee wat jou – en almal wat hulle name hoor – voortdurend herinner aan die Here se oordeel oor jou ontrou aan Hom?

Alles begin met 'n opdrag van die Here aan Hosea. 'n Moeilike opdrag: “... *trou met 'n prostituut wat buite-egtelike kinders het ...*” Daar is 'n besondere rede vir dié opdrag: “... *want die land is besig om te hoereer, om heeltemal ontrou aan die Here te word.*” Sy huwelik met die ontroue vrou is 'n voorbeeld van God se verhouding met die ontroue volk van Israel.

Die name van die kinders is baie belangrik. Toe Gomer die eerste seun vir Hosea in die wêreld bring, was dit die opdrag van die Here om hom Jisreël te noem. Jisreël moes hulle elke dag herinner aan die trou van God in groot veldslae (Rigt. 6:33; 1 Sam. 29:11), maar ook aan die ontrou ván en die oordeel óór die geslag van Agab/Isebel (1 Kon. 21:22 ev.).

Met die geboorte van die dogter is die Here se opdrag aan Hosea om haar “Sonder-ontferming” (*Lo-Rugama*) te noem. Hierin moes die volk hoor oor hoe die Here oor hulle dink in hulle ontrou.

Met die geboorte van die derde kind is die Here se opdrag om dié seun “Nie-my-volk-nie” (*Lo-Ammi*) te noem. God se oordele neem toe. By Jisreël was daar oordeel, maar nog liefde; by Sonder-ontferming word die liefde ingeperk, en by Nie-my-volk-nie word die verbondsverhouding verbreek.

Hard om die kinders so te noem, maar steeds sy kinders. Is dit die einde van God se ontferming met Israel – met ons? Nee, hoor wat sê Hy in Hosea 11:8: “*Maar hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan Ek jou laat vaar, Israel? ... Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk.*”

God praat hard met ons, maar Hy verwerp ons nooit! In Christus kom Hy om gebroke verhoudings te herstel en ons deur sy Heilige Gees nuut te maak.

Sing: Psalm 50-1:1

Ds. MP Fourie (Emeritus)